MIDSTREAM RIDGE
EXCELLENTIA

# RAKKER

Respek / Respect
Authentic / Oorspronklik
Kreatief / Creative
Kommunikasie / Communication
Entoesiasme / Enthusiastic
Responsibility / Verantwoordelikheid

> Ons vingerafdrukke vervaag nie van die lewens wat ons aanraak nie.

## Uit die Hoof se Kantoor

Dit was nou onlangs Onderwysersdag, daarom die volgende stukkie uit die klaskamer:
*"You laugh, you cry, you work harder than you ever thought you could. Some days, you're trying to change the world, and some days you are really just trying to make it through the day. Your heart is full, and your mind is packed with memories of kids who have changed your life".*
Dankie aan elke leerder en ouer wat ons lewens elke dag aanraak. Julle maak dit die moeite werd!
Baie sterkte vir die laaste skof van die jaar.
Neem asseblief kennis dat leerders wat tydens 'n toets afwesig is, 'n doktersnota aan die skool moet voorsien om sodoende 'n inhaaltoets te skryf.

## INLIGTING

### GR. 4-7 NOVEMBER EKSAMENROOSTER

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die **EKSAMENROOSTER: NOV 2023**

### OKT - DES 2023 KALENDER

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die skoolkalender vir die oorblywende maande van 2023. Die gedeeltes wat in geel uitgelig is, is veranderinge of byvoegings.

**OKT - DES 2023**

### KWARTAALKALENDERS 2024 EN 2025

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir die kwartaalkalenders vir:

**2024** & **2025**

### ATLETIEK

Die atletiekseisoen is weer op dreef en ons atlete is reeds hard aan die oefen. Die opkomende twee P4-byeenkomste vind as volg plaas:
**19 Oktober @ Midstream College**
**24 Oktober @ Hoërskool Waterkloof**
Oefeninge is tans oop vir alle leerders wat graag wil oefen en enige iemand is welkom. Volg asseblief die onderstaande skakel vir meer inligting, asook die oefenprogram:

**ATLETIEK**

### SKOOLFOOIE VERHOGINGS 2024

Druk asseblief op die onderstaande skakel vir inligting rakende die fooie verhogings vir 2024.

**2024 FOOIE**

13 Oktober 2023 / Nuusbrief 19

# RIDGE MUSIEKSENTRUMSTERRE

Gedurende die derde kwartaal het leerders van die *Ridge Musieksentrum* aan onder andere, die *Centurion Kunstefees* en *A-Arts Kunstefees*, deelgeneem. Die sentrum is na afloop van die *Centurion Kunstefees,* vir die tweede agtereenvolgende jaar, as die algehele wenner in die instrumetale afdeling aangewys. Meldt van der Spuy en Botshelo Ledwaba is as algehele wenners in hulle afdelings aangewys. By die *A-Arts Kunstefees* het Sebastien Francis, Meldt van der Spuy, Sulé Viljoen, Kian Rozendaal, Lauren Kriel, Eden Gerber en die TRIO Niya Ramlagan, Miha Breda & Botshelo Ledwaba spesiale toekennings verower.
Algehele wenners was in die eerste plek, Meldt van der Spuy en in die derde plek, Lauren Kriel.



Ons is ontsettend trots op hierdie leerders en al die ander musikante wat deelgeneem en so mooi presteer het.
Ons orkes was die afgelope vakansie in George by die *SCST SYMPHONIA Orkes Kompetisie* en het 'n tweede plek in hulle afdeling behaal.
Baie geluk aan mnr JP de Villiers en almal wat hard gewerk het om dit moontlik te maak. Julle het ons naam hoog gehou!

TRUTH

Ons herinner u graag aan ons TRUTH-aksie wat maandeliks kos vir behoeftige gesinne insamel. Klik asseblief op die onderstaande skakel vir 'n lys van die items wat in die kossak geplaas word. Die volgende datum vir aflewerings by die skool se ontvangs, is Dinsdag, 24 Oktober.

**KOSSAKPROJEK**

Kom sluit gerus op Saterdag, 28 Oktober by ons aan om die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* te help om fondse in te samel vir Bybelverspreiding. Hekke open om 10:00. Die resies vind van 10:30 tot 12:00 plaas. Pryse en trofeë word om 12:30 oorhandig. Spanne van kerke, skole en ander organisasies daag mekaar uit om die meeste rondtes in 90 minute te loop/hardloop. Individue mag ook deelneem. Daar sal 'n aparte baan vir diegene wees wat met hul honde wil loop/hardloop.
Volg asseblief die onderstaande skakel vir: **INSKRYWINGS**




## MMC - KOM HELP ONS OM KOSPAKKIES TE MAAK


Op Saterdag, 14 Oktober, bied *Midstream Methodist Church* van 08:30 tot 11:30, 'n geleentheid aan vrywilligers om te help om kospakkies vir behoeftiges te pak. Registreer asb. op die onderstaande skakel indien u die geleentheid wil bywoon:

**MMC REGISTRASIESKAKEL**




**Moppe:**
***Essential Hardware Midstream***
**"LARGE" R59 elk**
**012 942 1001**

**Bykomstighede:**
**"Googly eyes", linte, versierings**
***Castle Walk Stationers***
**012 347 1676**




**Klik asseblief op die skakel vir die video na die aanwysings om die perde te maak:**

| PROGRAM | | |
|---|---|---|
| | TYD | AKTIWITEIT |
| | 15:30 | HEKKE OPEN |
| | 16:00-20:30 | Springkastele |
| | 16:30-17:00 | Skou-Parade Graad 1 - 7 |
| DONKIE DERBY RESIES BEGIN 17:00 | | |
| 1 | 17:00-17:15 | Graad 6 |
| 2 | 17:20-17:35 | Graad 1 |
| 3 | 17:40-17:55 | Graad 5 |
| 4 | 18:00-18:15 | Graad 2 |
| 5 | 18:20-18:35 | Graad 4 |
| 6 | 18:40-18:55 | Graad 3 |
| 7 | 19:00-19:15 | Graad 7 |
| | 19:30 | PRYSOORHANDIGING |

Ons is opgewonde oor die skool se Gesinsdag wat om die draai is.
Datum: 27 Oktober 2023
Toegangsfooi: R20 per persoon
Daar is 'n wye verskeidenheid aktiwiteite, insluitende 'n variasie van springkastele. Een van ons hoogtepunte is die Donkie-Derby, 'n opwindende donkieresies waaraan al ons leerders kan deelneem. Om hierdie opwindende geleentheid af te skop, sal elke klas die geleentheid hê om twee van hul eie donkies te ontwerp. Hierdie kreatiewe proses sal tydens voogperiode plaasvind. Om dinge vir almal geriefliker te maak, is al die benodigdhede beskikbaar by *Essential Hardware Midstream* en *Castle Walk Stationers*. U is welkom om enige ander versierings wat u verkies, te gebruik. Ons sien met opgewondenheid en afwagting uit na dié groot dag.



**Die volgende kleure word aan elke graad toegeken:**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Graad 1 | Graad 2 | Graad 3 | Graad 4 | Graad 5 | Graad 6 | Graad 7 |

# MAAK REG VIR TERUG SKOOL TOE 2024

@RIDGE BOEKWINKEL

Laat ons jou terug skooltoe aanlyn inkopie-ervaring gerieflik en opwindend maak!

www.ridgebookshop.co.za
Contact number : 063 741 6636
Email : midridgebooks@gmail.com